GKSA NUUSBROKKIES

Sondag 18 Julie 2021

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore en eggenotes met hul verjaardae

15 Julie Prof DF Muller (Francois) – TSP
16 Julie Ds JAG Henning (Kosie) – GK Daspoort
Mev K Bain (Karin), eggenote van ds RA Bain (Ronald) – GK Oranjerivier
17 Julie Ds AB van der Walt (Braam) – GK Plettenbergbaai/Knysna
Mev SM Dykstra (San-Marie), eggenote van ds DJ Dykstra (Dirk) – GK Nigel
18 Julie Mev FJ Erasmus (Hannelie), eggenote van dr JA Erasmus (Jannie) – GK Odendaalsrus
19 Julie Ds C de Beer (Chris) – GK Pretoria-Brooklyn
Mev A Potgieter (Amoré), eggenote van ds FJ Potgieter (Fritz) – GK Bloemfontein-Suid
21 Julie Ds LP van Jaarsveld (Leon) – GK Brakpan

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae

16 Julie Mev M Meyburgh (Magda), weduwee van ds JM van Tonder (Kobus) – GK Hennenman / Ventersburg
17 Julie Dr PP Kruger (Paul) – GK Meyerspark
18 Julie Mev PM Wijnbeek (Nelriet), eggenote van ds DHP Wijnbeek (Dirk) – GK Steynsburg
21 Julie Mev R van Rooy (Regina), eggenote van prof JA van Rooy (Koos) – TSP
Mev AGE van den Berg (Annette), eggenote van ds PJ van den Berg (Paul) – GK Centurion

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Hartlike gelukwense aan:

Teologiese student **Desmond en Lesy Magayisa** met die geboorte van hul seuntjie.



Innige simpatie aan

- Ds Dirk en Nelriet Wijnbeek, emerituspredikant van GK Steynsburg, met die afsterwe van sy moeder in die ouderdom van 108 jaar.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang

- Ds EJ van Jaarsveld (Janré) van GK Tsumeb na GK Boksburg

Beroepe bedank

- Ds W Jobse (Wilhan) van GK Jeffreysbaai na GK Boksburg

Die volgende onderhoud van die redakteur van *Die Kerkblad* op Pta FM word weer op 18 JULIE 2021 om 07:45 uitgesaai. Luisteraars kan inskakel op 104.2/106.6 MHz of TV oudiokanaal 887.

Proponent beroepbaar gestel

Proponent MD Letebele (David en Emily)
Selnommer: 079 064 4754 of 073 558 5533
E-pos: serameletebele@gmail.com

INBETALING VAN DONASIES VIR DIE KERKBLAD

Bank Absa
Takkode 632 005
Rekeningnaam Administratiewe Buro GKSA
Rekeningnommer 670 140 040

Verwysing Donasie Kerkblad

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die Here sal ‘n toevlugsoord
wees vir die onderdrukte,
‘n toevlugsoord in tye van nood.
Wie u Naam ken,
kan op U vertrou,
want U laat hulle wat U soek
nie in die steek nie, Here.
Psalm 9:10 en 11

‘n Gebed om genade vir ons nasie

U is, o HERE, die Hoop van Israel,
sy Verlosser in tyd van nood;
wees daarom nie soos ‘n vreemdeling in die land
of ‘n reisiger wat net afdraai om te oornag nie,
Maar wees tog altyd in ons midde, Here;
U Naam is oor ons uitgeroep.
Moet ons nie aan onsself oorlaat nie.
Al getuig ons sondeskuld teen ons, o HERE,
tree op ter wille van u Naam!
Ja, ons afvalligheid is erg;
ons het teen u gesondig.
- Jeremia 14:7-9

O God, herstel ons;
Laat skyn die lig van u aangesig,
sodat ons verlos kan word!
Laat u mag ontwaak en kom tot ons redding.
- Psalm 80:3-4

HERE, laat ons weer u troue liefde ervaar,
u verlossing – skenk dit aan ons!
Laat u verlossing beslis naby dié wees wat vir u ontsag het,
sodat u heerlikheid in ons land ‘n tuiste kan hê.
Laat troue liefde en waarheid mekaar ontmoet
geregtigheid en vrede mekaar omhels.
Laat waarheid uit die aarde spruit
en geregtigheid uit die hemel neerkyk.
Gee, o HERE, wat goed is,
en laat ons land sy opbrengs lewer.
- Psalm 85:8, 10-14

Ons lê hierdie smeekgebede voor U,
nie op grond van ons regverdige dade nie,
maar op grond van u oorvloedige barmhartigheid.
Here, hoor!
Here, gee tog aandag en tree op!
Moenie talm nie, om u eie ontwil, my God,
want u Naam is uitgeroep oor u stad en u volk.
- Daniël 9:18-19

Gee ons hierdie dinge, o Here,
in die Naam van onse Here Jesus Christus,
Hy wat al hierdie dinge verwerf het,
en die Amen op al u beloftes is,
sodat ons blydskap volkome kan wees.
- Johannes 16:23; 2 Korintiërs 1:20
Amen.